



Graad 6

Afrikaans

Week 8: Memorandum



Maandag, 8 Junie:

Inleiding p. 97

1. (elektriese) kitaar
2. kitaarspeler
3. *Leeders se antwoorde sal verskil – gesels oor opsies.*
4. *Leeders se antwoorde sal verskil – gesels oor opsies.*
5. *Leeders se antwoorde sal verskil – gesels oor opsies.*

Vat saam p. 101

Suurlemoen is een van vier *bands* in die finale rondte van die Rumoer kompetisie. Die verteller sê dat elkeen van die lede senuweeagtig is voor hul optrede. Hulle begin nie goed nie en die verteller se kitaarsnaar breek. Hulle vervang sy kitaar en die groep speel so goed dat die gehoor oorverdowend hande klap.

Dinsdag, 9 Junie:

Teks 1 Post-lees p. 102

1. Dit speel waarskynlik in 'n teater af, want dit is 'n saal met ligte, kameras en klankapparaat.
2. Bongie eet haar derde pakkie tjijs en Liezl byt op haar onderlip.
3. a) Tiaan vertel die verhaal.
b) 'n Mens kom reeds in die eerste reël agter dat daar 'n ek-verteller (eerstepersoonsverteller) aan die woord is. Jy weet eers dat sy naam Tiaan is wanneer Liezl oor die mikrofoon sê dat Tiaan sy kitaar te veel gas gegee het.
4. Hy bedoel die senuweeagtigheid voel baie erger as net 'n paar skoenlappers wat in sy maag rondfladder.
5. "kry steeds hoendervleis"
6. Die gehoor is doodstil tydens die uitvoering, maar juig oorverdowend wanneer hulle klaar is.
7. Die mense klap so hard hande dat dit voel of jy doof word daarvan.
8. Viool
9. Hulle is verlief op mekaar.

10. Dit is die finale rondte van die kompetisie en die leser wil hê Suurlemoen moet wen, maar hulle eerste noot is vals en dit laat 'n mens dink dat hulle nie 'n kans staan nie. Tiaan se kitaarsnaar breek daarna en dan dink mens hul kans om te wen is verby.
11. Wanneer die gehoor oorverdowend handeklap . (c)

Woensdag, 10 Junie:

Woordeskat p. 102

Kitaarsolo:	kitaar wat alleen gespeel word
Mikrofoon:	'n toestel wat klanke versterk sodat dit duidelik hoorbaar is in 'n groot vertrek.
Ondersteuners:	aanhangers
Oorverdowend:	so hard dat dit voel of 'n mens doof word
Stampvol:	baie vol (intensiewe vorm van vol)
TV-onderhoud:	'n gesprek wat met iemand gevoer word en op die televisie uitgesaai word.

Homonieme

1. Vlei: Daar is riete langs die vlei. Sy vlei hom met mooi woorde.
2. Leer: Ek staan op die leer. Ek leer hard vir die toets. My kous het 'n leer in.
3. Lig: Ek skakel die lig aan. Die veer is baie lig. Ek lig die wiel uit die modder.
4. Vee: Die boer het baie vee op sy plaas. Ek vee die kombuis met die besem.
5. Vertrek: Dit is 'n groot vertrek. Ek vertrek more oggend na die Kaap.

Donderdag, 11 Junie:

Geen memorandum

Vrydag, 12 Junie:

Speltoets 2.6

1. verseker
2. duisende
3. onmoontlike
4. verteller
5. kindertjies
6. waarskuwing
7. betekenis
8. skuiling
9. betekenis
10. restaurant

Spelling van verkleinwoorden p. 105

1. a) kindertjies, kringetjies, blommetjies
- b) babatjie, handjie, fluitjie
- c) foto'tjie, beriggie, blaadjie